RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

Omsendbrief 2/2014

29 Januarie 2014

Aan: Provinsiale federasies
Distrikte
Klubs
Verenigings
Uitvoerende bestuur (ter kennisname)

IS: Algemene inligting

1. Presidentraadsvergadering 8 Februarie 2014

Almal word daaraan herinner dat, ingevolge die besluit van die AJV in 2013, die presidentsraad voortaan slegs uit die president, visepresident, adjunk-visepresidente, tesourier, sekretaris-generaal, en presidente van die onderskeie provinsiale federasies sal bestaan.

Tydens hierdie vergadering in Februarie moet alle provinsiale federasies terugvoer gee oor die vordering met hulle grondwet, watter van hulle distrikte wel ontwikkel is en in watter van hulle distrikte daar nog ontwikkelling moet plaasvind, tesame met planne in plek vir ontwikkeling in hierdie distrikte, bewys van registrasie by die onderskeie provinsiale sportrade, en enige verdere inligting wat die breër prentjie in die betrokke provinsie skets.

Alhoewel daar vroeër gesê is dat alle provinsiale federasies se grondwette teen einde Maart 2014 afgehandel en ingedien moet wees, het ons besef dat dit te laat is aangesien dit afgewentel moet word tot op klubvlak. Dus moet alle grondwette soos volg afgehandel wees en by RingbalSA ingedien word:

Provinsiale federasies	28 Februarie
Distrikte	31 Maart
Klubs	30 April

2. o/17 toere na Mauritius en Namibië

In Desember 2013 het ons o/17 seuns en dogters na Mauritius en Namibië getoer en daar teen hulle spanne gespeel en sommer ook lekker vakansie gehou. Die spanne het goeie ringbal gespeel en ook die spelers van die twee lande heelwat van die sport geleer. Almal het dit baie geniet en met breë glimlagte teruggekom; baie dankie aan almal betrokke.

RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

3. SASCOC kleure

Die twee o/17 spanne wat in Desember na Mauritius getoer het, het ‘n besondere eer ontvang. SASCOC het volle nasionale kleure aan hierdie spelers toegeken, en hulle het dus met die Koningsprotea op hul bors die land verlaat. Dit is die eerste keer in ongeveer 20 jaar wat ons sport amptelike nasionale kleure ontvang. Baie geluk weereens aan hierdie spelers, ons glo julle het ons naam hoog gehou.

4. Vlae en baniere

Dit het onder ons aandag gekom dat daar in 2013 nog unies was op wie se vlae “Korfbal” gestaan het. Alle provinsies en distrikte se vlae en baniere moet reg wees tydens die nasionale kampioenskappe van 2014. RingbalSA gaan die nuwe nasionale vlag laat maak en gaan dan ook vir elke provinsiale federasie en distrik ‘n vlag laat maak op dieselfde formaat. Provinsies en distrikte moet dus asb. hulle volle en korrekte name soos dit op die vlag moet verskyn en hulle wapens voor 14 Februarie 2014 aan my epos vir hierdie doel. Distrikte sal dan in kennis gestel word wat die koste is en die gelde moet in RingbalSA se rekening inbetaal word. Hierdie vlae moet dan tydens die nasionale kampioenskappe gebruik word.

5. Kalenderverandering

Daar was ‘n verandering op die kalender. Ek heg die nuutste kalender hierby aan.

6. Fondse beskikbaar vir nuwe klubs

‘n Gedeelte van die gelde wat ons van die Departement van Sport ontvang moet aangewend word vir klubontwikkeling. Daar is nie veel daarvan gebruik nie en daar is dus nog fondse in die begroting beskikbaar vir die ontwikkeling van nuwe klubs. Enige iemand wat ‘n nuwe klub stig en fondse nodig het vir die stigting van hierdie klub, kan gebruik maak van hierdie fondse. Kontak asb. vir Lanie van Wyk in hierdie verband.

7. Skakelbeampte

Die portefeulje van skakelbeampte op die UB is gevul. Ons wil graag baie geluk sê aan Carlien du Plessis wat in hierdie pos aangestel is. Carlien, dit is vir ons aangenaam om jou by ons te verwelkom en ons glo ons gaan baie lekker saamwerk en dat jy ‘n rasende sukses van hierdie portefeulje gaan maak.

RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

8. Skeidsregtersboetes

Tot nou toe het unies hulle nie veel gesteur aan skeidsregtersboetes nie. Van nou af gaan dit streng toegepas word dat distrikte/provinsies wat uitstaande finansiële verpligtinge het, nie stemreg op die AJV sal hê nie. Dit sluit in boetes vir skeidsregters te min verskaf vir ‘n sekere kompetisie.

9. Oorplasing van spelers

Met die nuwe strukture moet daar noodgedwonge veranderings wees aan die wyse waarop spelers afgeteken word wanneer hulle van klub of distrik verander. Van nou af, vir enige oorplasing, is die proses dat die skoonkaart moet gaan vanaf die klubsekretaresse na die distriksekretaresse na die provinsiale federasie se sekretaresse. Hierdie provinsie stuur hom vir die provinsie waar die speler voorheen gespeel het, wat dit stuur na die distrik en die stuur die skoonkaart na die klub waar die speler gespeel het. Dit is wel ‘n baie omslagtige proses, maar dit is nodig om seker te maak dat spelers wat enige verantwoordelikhede teenoor ‘n klub/distrik/provinsie het, nie afgeteken word nie. Indien hierdie hele proses nie gevolg word nie, kan dit maklik gebeur dat ‘n speler wat een van hierdie vlakke geld skuld of enige ander uitstaande verpligtinge het, afgeteken word. Omdat dit so ‘n lang proses is vra ons dus asb. almal se samewerking om dit so spoedig moontlik te laat plaasvind.

10. Adjunk-visepresident: Tersiêr

Daar is wel sekere mense wat vir hierdie pos geoormerk was en dit is met hierdie persone bespreek, maar weens omstandighede kon hierdie persone nie die pos aanvaar nie. Nadat die UB hierdie naweek twee dae lank koppe bymekaar gesit het om iemand in hierdie pos te koöpteer, is ons steeds niks nader aan ‘n antwoord nie. Ons vra dus nou dat distrikte en provinsies weer mense nomineer op die nominasielys aangeheg en voor of op 7 Februarie 2014 aan my stuur. Indien daar teen hierdie datum steeds geen aanvaarbare nominasies is nie, sal die UB plan B in werking stel.

11. Bywoning van kursusse en geleenthede

Dit gebeur deesdae al hoe meer dat mense genomineer word om kursusse, ander opleiding, funksies, ens. by te woon en dan daag die persone nie op nie of hulle bly slegs die oggend en verdwyn na middagete. RingbalSA moet dan die kostes dra van hierdie mense aangesien ons per persoon bespreek en betaal. Daar sal dus in die vervolg in die oggend en in die middag ‘n presensielys omgestuur word en distrikte sal die gelde moet terugbetaal van mense wat nie opgedaag het nie of vroeg geloop het. Hierdie skulde sal dan ook teen die distrik/provinsie staan as gelde wat betaal moet wees voordat stemreg op die AJV verkry kan word.

RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

12. Wenners van R10 000 prysgeld in skolekompetisie

Tydens die bosberaad an 2012 is daar besluit om prysgeld van R10 000 te gee aan die unie wat die meeste nuwe skole aktiveer in 2013. Unies is gevra om die stand van sake in te stuur en na ontleding het die prysgeld aan Gauteng Noord Skole gegaan. Baie geluk aan GN Skole wat in 2012 geen skole gehad het wat speel nie en 2013 'n skoleliga met sewe skole gehad het wat speel. Wel gedaan!

Baie sterkte vir die jaar wat voorlê. Daar is baie nuwe dinge en almal is maar redelik onseker, so vra asb. as julle onseker is van iets.

If you follow the crowd,
you will go no further than the crowd.
But if you walk alone, and find your own way,
you will likely find yourself in places
no one has ever been before.

Albert Einstein

Letitia Greenberg

SEKRETARIS-GENERAAL